Nico van Gijsen: Rus lekker as jy dood is – en laat jou gade in vrede

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-rus-lekker-as-jy-dood-is-en-laat-jou-gade-in-vrede-20261113-0914

Uit die graf regeer is ’n eenpersoon-oplossing vir die probleem. Beplan eerder saam, skryf Nico Gijsen.

Ek reageer vandag op die vraag van ’n leser, hy noem homself Squirrel Cyril, in die kommentaargedeelte onderaan my onlangse rubriek, “Laat Leeu-slot se dood ’n wekroep wees” (Sondag 1 November).

Daardie rubriek het gehandel oor genoegsame voorsiening maak vir ’n oorlewende gade.

Squirrel se vraag: “Hoe beskerm jy hulle teen die tweede man/vrou wat daarop uit is om te aas?”

Hierdie is ’n moeilike vraag om te antwoord. Eerstens, omdat, soos ekself al baie gesien het en sien, die vraag ’n geldige een is. Die “aasmense” is volop. Tweedens, omdat, en ek sien en ervaar dit ook self, nie elke tweede man of vrou daarop uit is om te aas nie – al word hulle baie keer daarvan beskuldig deur (veral) die oorlewende uit die vorige huwelik se kinders en ander familie.

Ek dink ons moet dus die leser se vraag wyer neem eerder as om dit te beperk tot net die man of vrou wat daarop uit is om te aas. Erfgename en hul familielede en “raadgewers” kan ’n trop witrugaasvoëls wat op ’n leeu-vangs in die Kalahari toesak, lesse gee in spoed en toewyding.

Kom ons kyk.

Regeer uit die graf

As beginsel is ek van mening om nie uit die graf uit te probeer regeer nie. Jy is dan dood. Gaan geniet jou rus. En los die lewendes in vrede.

As jy en jou man of vrou saam die huwelikswa oor jare gesleep het en mekaar ondersteun en vertrou het, waarom dan nie die langslewende vertrou met sy of haar geldsake nie? Of is die gedagte aan die hertroue van ’n langslewende gade dalk ’n stuk jaloesie wat kop uitsteek?

Of is dit ’n geval van ek is baas en selfs al is ek dood, sal ek die baas bly?

Dan is my antwoord, nee, boeta, jy het jou kans gehad. Dis nou verby.

Die waarheid is ook dat mense gou weer kan trou ná die dood van ’n geliefde gade. My vrou het êrens gelees dat dit juis mense is wat in ’n gelukkige huwelik was wat gou weer trou. ’n Vriend was binne ’n jaar weer getroud.

Terselfdertyd moet ek toegee dat daar omstandighede kan wees waar dit nodig is om stappe te doen om die finansiële voortbestaan van ’n langslewende gade te verseker en te beskerm teen diegene wat regstaan om te aas.

Dan is dit nie regeer uit die graf nie. Dit is versorging.

Nie altyd die tweede man of vrou

Nie alle tweede huwelike, of dan saamwoonverhoudings, is daarop ingestel dat die een die ander uitbuit nie, hoewel dit ook ’n werklikheid is. Kyk maar hoeveel eensame vroue word vir letterlik miljoene rande ingeloop deur vryer-booswigte op die internet en webwerwe. Ek staan soms verstom as ek dit lees. Kon die mens nie sien waarheen dit loop nie? Het haar eensaamheid haar blind gemaak?

Maar dan weer, ek het ’n geelslang letterlik al tussen my bene sien deurseil voor ek van hom bewus geword het. En ek is ingestel op die goed. So, laat ons nie te hard oordeel nie.

En dan is daar kinders, eie kinders, wat te lui is om te werk, of te veel skuld maak en dan by Ma geld leen. En nie terugbetaal nie. Ek sien talle hiervan.

Dit is dinge soos dié wat my soms laat dink dit is dalk beter om maar liewer uit die graf uit te regeer. Hoewel ek steeds nie daarvan hou nie.

Uit die graf regeer is ’n eenpersoon-oplossing vir die probleem. En in ’n huwelik, of saamwoonverhouding, is daar twee.

’n Oplossing?

Werk saam. Of dit nou ’n eerste of tweede huwelik is, of ’n saamwoonverhouding. Saamwoonverhoudings het deesdae in elk geval dieselfde finansiële gevolge as ’n huwelik.

Praat die dinge deur. Verkieslik met ’n gesertifiseerde finansiële beplanner, of fidusiêre spesialis, kundiges wat die toepaslike reg en die finansies en afhandeling van boedels ken.

Deel die bekommernisse. Dan kan julle saam besluit hoe om dit te hanteer.

Die gevaartekens van diegene wat gaan kom aas, sal lank voor die tyd sigbaar wees. Wie wil alewig geld leen? Wie gaan wil kom intrek en die huis deel?

En moenie jou steur aan beloftes van toemaar, ek gaan nooit weer trou nie. Wie dink aan weer trou as jy in ’n gelukkige huwelik is? Wie gaan in elk geval dapper genoeg wees om

dit te sê, al dink jy daaraan?

Dit moet ’n saam-plan wees. Nie een wat voorskriftelik is nie.

Oorweeg dan gerus ’n trust om bates heen te laat vererf. Met die alleenreg op inkomste uit die trust om die bemaking aftrekbaar te maak vir boedelbelasting. Doen, of laat die somme doen, oor wat nodig is om vir die oorlewende gade ’n lewenslange inkomste te kan voorsien.

As daar bates is wat jy graag op kinders wil laat vererf en jou gade het ’n spesifieke behoefte aan byvoorbeeld ’n woonplek, kan jy die bate vererf op die kind met ’n vruggebruik of ’n *habitatio* (woonreg) vir die gade.

Maar verkieslik, los die vruggebruik. Die haakplekke kom later, wanneer kinders die bate wil hê en Ma nie gou genoeg wil doodgaan nie.

Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg, 2000 of nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za